# BY DIE 70-JARIGE VERJAARSDAG VAN PROF. DR. S. P. ENGELBRECHT.

Aan die versoek van die Redaksie van „Hervormde Teologiese Studies" om 'n bydrae by geleentheid van die 70-jarige verjaarsdag van Prof. S. P. Engelbrecht, voldoen ek geredelik.

Dit het weinig in die Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis gebeur dat 'n outoriteit op die geskiedenis van sy eie kerk so op hoogte is van die geskiedenis van 'n ander kerk, as juis prof. Engelbrecht. Tewens Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis het maar die intense voorliefde en belangstelling van slegs enkeles. Vir baie is geskiedenis en veral kerkgeskiedenis maar 'n droë en oninteressante studie. Wie hom wil verdiep in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis moet behalwe 'n voorliefde en interesse vir

die vak as sodanig ook aangetrokke voel en die belangstelling besit vir die argief. Hierdie twee dinge gaan hand aan hand vir die kerkgeskiedenisnavorser.

Terwyl ondergetekende besig was met 'n studie oor „Die ontstaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika" was Prof. Engelbrecht gewillig om op te tree as promotor. Gedurende hierdie periode veral, maar ook voor die tyd, het ek hom in sy huis van naby leer ken.

In sy huis het ek hom ontmoet. Hy was nie net vol belangstelling oor die doel van die studie nie, maar hy het hom openbaar as die mensliewendheid vanself. Daarom sal ek die ure in sy huis saam met Mev. Engelbrecht se gasvryheid nie lig vergeet nie. Dit is nou eenmaal so in die lewe—veral die lewe wat ons nou lewe—dat jy iemand moeilik kan ken en plaas voor en aleer jy nie nader met hom kennis gemaak het nie. Niemand hoef met iemand in alles presies saam te stem nie, maar elkeen kan van iemand anders leer in die lewe.

Persoonlik het ek baie van my promotor geleer. Hy wou eers weet wie ek is en waar ek vandaan kom. Nadat hierdie gegewens verstrek is het ek my verbaas dat die professor meer van my eie omgewing van herkoms weet as ekself! Dr. Engelbrecht se voorsate naamlik, kom van daardie streke vandaan. Dit het vir my duidelik geword by hierdie eerste ontmoeting, dat hy die gawe van jongs af moes besit het om die herkoms van mense en dinge op te spoor. Nou moet dit somar nou van die hart af: Prof. dr. Engelbrecht het die gawe wat weinige mense besit en dit is om geslagsregisters na te gaan. Vergis ek my as ek sê dat hy aan my op 'n keer meegedeel het dat hy ure en ure deurgebring het in die kantoor en argief van die boedelberedderaar om hierdie aspek van die lewe, vir wie so weinig aanleg en voorliefde en tyd het, na te gaan? Die massa fotomateriaal en ander gegewens oor figure in en uit en om die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika wat in die besit van Prof. Engelbrecht is het my oombliklik laat besef dat hier 'n man aan die woord is wat voorliefde het vir kerkgeskiedenis nie alleen nie, maar ook belangstelling vir die Gereformeerde Kerk in hierdie land.

In sy huis in Lisdoganlaan 164, Arcadia, Pretoria het ek hom ontmoet, maar sy huis is nie 'n huis nie—dis 'n argief!

Almal wat die voorreg gehad het om in daardie biblioteek van Prof. Engelbrecht te gewees het, sal saamstem dat dit louter genot is om die boekery asook versameling van kerkhistoriese voorwerpe te besigting. En wat nie alles in daardie studeerkamer, alias biblioteek, alias argief opgeberg is oor en in verband met die Gereformeerde Kerk nie! Dit is boekmateriaal, fotomateriaal, uitknipselmateriaal, gedenkstukke en allerhande oorspronklike dinge uit die jaar toe en nou.

Hoe alles in die hande gekry is? As iemand maar net van een of ander historiese figuur wou gedroom het, dan het Prof. Engelbrecht dit

lankal in sy besit! Op 'n keer het hy verneem van historiese dokumente wat in die besit van prof. D. Postma, stigter van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, was en wat op 'n ashoop te lande gekom het om een of ander rede. Dit was nie hoe lank nie of die materiaal was veilig geberg in een van die baie kaste en rakke van Prof. Engelbrecht. Hy het met sy motorkar baie myle afgery om dit te gaan afhaal.

Ons het prof. D. Postma se naam hierbo aangehaal. Vir hierdie gesant van die Here het Prof. Engelbrecht 'n groot liefde. Daarvan getuig sy breë kennis en insig in die werk van Prof. Postma; daarvan getuig die studie wat hy gemaak het van hom. Prof. Engelbrecht ken die Postma-geslagregister vanuit Nederland, hy ken ook die spruit van die boom nadat dit oorgeplant is op Suid-Afrikaanse bodem. As iemand maar iets wil weet van die Postma-geslag, van die nageslag van al die kinders, laat hom maar na Lisdoganlaan 164 in Pretoria gaan.

Die verhouding wat daar bestaan het tussen ds. (later prof.) D. Postma en ds. D. van der Hoff kan alleen goed begryp word as die dinge wat soms onder die stof van die argiewe byna verlore gegaan het, nagevors word. Dit kan alleen geken word deur iemand wat 'n voorliefde besit vir dinge wat nie meer bestaan nie maar wat lankal plaasgevind het.

Prof. Engelbrecht ken nie net die geskiedenis van die Hervormde Kerk van Afrika nie (by geleentheid van sy emeritusverklaring is die vraag gestel of hy deur sy kerk wel na waarde geskat word), ook nie net die geskiedenis van die Nederduits Gereformeerde Kerk nie, maar ook die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk. Hiervan getuig al sy pennevrugte. Veral die moeilike verloop van sake in Transvaal na die veertiger jare van die vorige eeu toe sake troebel geword het op die kerk- en volksakker, is diep ingegrif nie alleen in die kennis van hierdie geleerde nie, maar dit het sy besondere belangstelling deur die jare behou. Baie dinge in die verloop van daardie by wyle soms bewoë geskiedenis kan nét nie verstaan en behoorlik begryp word as daar nie die nodige agtergrond en kennis is nie.

Sommige mense is van opinie dat kerkgeskiedenis nie moeilik is nie; maar die wat kennis dra van die interne moeilikhede en probleme van die vak weet van beter. Die laaste woord op wetenskaplike vlak is ook nog nie gespreek oor die ontstaan van kerke in Suid-Afrika nie. Die een beweer nog sus en die ander weer anders oor sekere aangeleenthede. Daarom is dit te begryp dat prof. Engelbrecht se benadering van sekere aangeleenthede oopstaan vir verskil van opinie. En dit is ook goed so want anders sou die skrywe van die kerkgeskiedenis deur prof. Engelbrecht die afsluiting wees!

Wat ons graag wou sê in dié verband is: As jy die skrywer van naby leer ken kan mens baie dinge verstaan wat jy anders moeilik kan begryp. Maar wat vir my vasstaan en dit wou ek graag stel: prof. Engelbrecht het 'n voorliefde vir kerkgeskiedenis en 'n besondere belangstelling vir wat in die Gereformeerde kerk gebeur het en nog plaasvind. Daarvan sal sy boekery en argiefstukke spreek nog na sy dood.

Ek het 'n hoofstuk geskrywe oor die Gesangkwessie en dit aan prof. Engelbrecht oorhandig. Ek het geweet dat hy nie my standpunt huldig nie. Toe hy die stuk later aan my terugbesorg sê hy: „Vriend jy besien dit as Gereformeerde. Ek sien dit as Hervormer anders. Hier het jy wat aan jou behoort". Ons vriendskap het nie deur ons verskil van opvatting oor die Gesange 'n knak gekry nie.

Geen mens is volmaak in die studie en navorsing nie—ook nie elders nie. As gelowige lewe ons van genade. So het Prof. S. P. Engelbrecht meer as eens aan my gesê.

Mag oom Fanie en sy vrou by geleentheid van sy 70-jarige verjaarsdag en voorts nog steeds die genade van die Here deelagtig wees.

B. R. KRÜGER.